

Christus bou sy kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike ervarings nie

PJ Kriel

27.02.2022

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus sy kerk bou deur die geloofsvertroue in Hom dat Hy ons met Homself in sy menswees vandag verenig. Christus bou nie sy kerk deur ervarings, menings en opinies oor Hom nie.

Skriflesing: Matt. 16: 13-20 en 28: 16-20.

Teks Matteus 16: 18 . ¹⁸En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou.

Tema: Christus bou sy kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike ervarings nie.

1. Wie bou die Kerk van die Here en waarmee word die Kerk van die Here gebou?

Christus bou self sy Kerk en as Here bou Hy sy Kerk op die geloofsvertroue wat ons in Hom stel. Hy bou nie sy kerk op geestelike belewenisse nie. Christus skep vertroue in Hom as Here deur die Vader wat sy liefde in Christus openbaar en deur hierdie geloof maak die Here sy kerk bymekaar. Dit is wese van die kerk van die Here.

Die Here Jesus maak in sy gesprek met sy dissipels in Matteus 16 maak, die onderskeid tussen dit wat mense sê wie Hy is en wie sy dissipels sê wie Hy is, tussen wat mense sê oor die “Seun van die mens” en wat sy dissipels oor Hom bely.

Wat mense oor die “Seun van die mens” sê, kan ons in vandag se taal stel as “wat mense oor daardie man sê”. Daarom verwys Jesus onpersoonlik na Hom in die eerste vraag as “Seun van die mens, dit is, soos wat hulle Jesus as mens sien.

Van sy dissipels vra die Here iets anders. Hy vra Hy 'n persoonlike belydenis van geloof met die woorde: “wie sê julle is Ek”, anders as die onpersoonlike “Seun van die mens”. Vir die eerste keer bely sy dissipels hulle geloofsvertroue in Hom openlik: hulle vertroue Hom as die Christus en as die Seun van die Lewende God. Hulle vertrou Hom volgens die openbaring van die Christus in 2 Samuel 7: 11 – 16, wat hulle geken het: Hy is die Christus wie vir God Seun is en vir wie God Vader is.

In Mat. 28 verse 16 -20 openbaar die Here ten volle wie Hy in hulle belydenis oor Hom is. Hy is die Here van alle mag. Dit is die Messiaanse belofte in 2 Samuel 7. (Dawidsbelofte 2 Sam. 7). Hy het al die mag gekry om die Here se kerk, sy tempel te bou. Só is Hy die Here wat altyd met ons is in sy liefde en genade. (Eseg. 36: 24 - Abrahamsbelofte.) Hy is die Here van die Dawidsbelofte wat sy kerk bou deur vir hulle die Abrahamsbelofte waar te maak.

2. Daar is 'n verskil tussen verklarings, “statements”, en 'n geloofsbelydenis!

Mense het Jesus se wonderwerke belewe. Hulle het sy leringe gehoor soos in die Bergrede en sy openbaring oor Homself gesien. Hulle het sy verskille met die Fariseërs, Sadduseërs en priesters aangehoor. Hulle het indrukke, menings en ervarings oor Jesus gehad. Jesus vra sy dissipels hieroor uit en hulle stel dat hulle

Christus bou sy kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike ervarings nie

Hom sien en beleef as Johannes die dooper wat uit die dood uit opgestaan het, as een van die groot profete van die Ou Testament soos Jesaja, Jeremia en Esegïel en ook as die groot profeet wat sal kom voor die verskyning van die Messias, die Christus. Mense se menings en belewenisse van Jesus!

Verklarings van mense oor Jesus gaan oor hulle indrukke, menings en ervarings van Jesus. Verklarings gaan oor mense se geestelike belewenisse oor Jesus.

En dan kom die Here en vra van sy dissipels iets heeltemal anders - 'n geloofsbelydenis! Die Here wys self wat is die verskil tussen ervarings en verklarings oor Jesus en die geloofsbelydenis in die Here – die verskil gaan oor die openbaring van die Vader.

Ons mag nie die woord “openbaring” verstaan as 'n demonstrasie van God oor sy Godheid nie. Self nie eers 'n aanskoulike bekendmaking nie. Dit is wat die mense beleef het. Die openbaring van die Vader gaan oor die toesegging van Jesus Christus in die woorde: “Ek is met julle”(Mat. 28:20). In hierdie toesegging laat Christus sy dissipels deel wees van die beloftes van God in die Abrahamsbelofte: laat Hy hulle deel is sy liefde en genade as God, reinig Hy hulle van hulle sonde, gee Hy hulle 'n nuwe hart en verstand en regeer Hy hulle deur die gawe van die Gees. (Eseg. 36:24)

Openbaring beteken om in gesluit en deel van die liefde van God te wees en in jou liefde vir God geheilig te wees. Hierdie daad van God, ingesluit in sy belofte oor hoe Hy vir sy kinders God is, maak die verskil tussen mense se spirituele ervarings en verklarings en die hartlike en verstandelike kennis en vertroue in Jesus as Christus en Here. 'n Geloofsbelydenis is die skepping van die Here deur sy openbaring: sy heilstoesegging.

3. Wie bou die Kerk?

Christus bou die Kerk! Niemand anders bou die Here se kerk nie. Net Hy verenig ons met Homself en laat ons in al God se beloftes deel. Niemand anders kan hulle self in sy Naam uitgee as kerk- of gemeentebouers nie. Waarmee bou die Here sy Kerk? Die Here stel dit self duidelik in Matteus 16: op hierdie rots! Op hierdie geloofsbelydenis as antwoord op die openbaring van die Vader oor Jesus Christus.

Die rots waarop die Here sy kerk bou, die geloofsbelydenis in Hom as Christus en Here, onderskeid Christus self baie duidelik van dit wat mense oor Hom te sê het.

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig. Daar is 'n groot verskil tussen die ontwikkeling en proklamering van 'n woongebied en die oprigting van 'n plakkerskamp. 'n Woongebied word ontwikkel wanneer paaie uitgelê, water aangebring en elektrisiteit voorsien en huise vir bewoning opgerig word deur die ontwikkelaar. 'n Plakkerskamp begin deur mense wat grond onwettig kom beset en elkeen 'n met wat hy het 'n pondok opslaan en na die tyd eis dat hulle paaie, water en krag moet kry.

Die verskil is wie bou. Met woongebiede is dit die opgeleide, bekwame, wettige en bevoegde ontwikkelaar. Met plakkerskampe kom elkeen sommer net aangejaag, beset 'n stuk grond en sit met enige iets wat hy in die hande kry 'n pondok op. Daar is

Christus bou sy kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike ervarings nie

nie ontwikkelaars vir plakkerskampe nie. Elkeen beset en bou self, net soos hy wil. Elkeen in sy eie selfopgerigte plekkie met geen dienste nie. .

Wie bou die kerk? God se kerk?

Die antwoord is: die Ontwikkelaar! Jesus Christus is die ontwikkelaar en bouer van die kerk. Hy doen dit met al die mag waarmee Hy Homself bekwaam het om die Seun van Dawid en God die Vader te wees. (2 Sam. 7: 11 – 16) En die dienste wat Hy lewer in sy huis, sy kerk, is al die Abrahamsbeloftes. Die bouplan vir hierdie ontwikkeling is Christus se lyding, kruisiging, dood en opstanding. Met hierdie daed skep die Here 'n gemeenskap wat met al die gawes van God bedien word.

Wat noem 'n mens 'n klomp mense wat besluit om saam te sing en te bid met hulle mening, gevoel of ervaring van God? Dit is nie kerk nie. Dit is 'n geestelike plakkerskamp. Mense wat op 'n plek saamkom en met sy eie mening en ervaring sy eie ding doen. Christus bou nie sy kerk op mense se ervarings en verklarings van Hom volgens hulle spirituele begeertes oor God nie. Christus bou nie die Kerk op die ervaring en verklaring dat Hy die her-inkarnasie van Johannes die Doper is nie; Christus bou nie sy Kerk op die ervarings en verklarings dat Hy profeet is wat die wil van God preek en voorleef nie; Christus bou nie die Kerk op die ervaring en verklaring dat Hy die grootste profeet van alle tye, die tweede Elia, is nie.

Wie bou geestelike gemeenskappe op hierdie ervarings en verklarings van Jesus?

Want Christus doen dit glad nie!

Dit is die bouwerk van geestelike en morele leiers in die gemeenskap. Nie elke groep wat bymekaar kom, bid, sing en luister na morele en geestelike boodskappe is die Kerk van die Here nie. Wie gemeenskappe stig en byeenbring met ervarings en verklarings oor Jesus en daarin hulle spirituele begeertes oor God uitleef, is nie die Kerk van die Here nie. Want die Here bou nie sy Kerk op hierdie ervarings en verklarings oor Hom nie. Die Here bou net sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom volgens die openbaring van die Vader.

Ons vind die kerk van die Here as ons die Ontwikkelaar van die kerk vind. Dit is mos hoe jy 'n huis in 'n woongebied kry – jy vind die ontwikkelaar. As jy die kerk van die Here wil vind, moet jy die Een vind wat hom bou: Jesus Christus en met wat hy bou – met en op die geloofsbelydenis dat Hy God is en mens wie sondaar in ons plek is.

4. Kom ons kyk na hierdie twee groepe mense: die Here wat sy kerk bymekaar kry en mense wat sommer net geestelik saam groepeer. Daar is 4 wyses waarop die Here op hierdie geloofsbelydenis sy Kerk bou.

Die Here Jesus kom na sy opstanding uit die dood en maak hierdie toesegging aan sy dissipels: “Ek is by julle.” Hiermee openbaar Christus dat Hy God met hulle is en wie al God se beloftes, dat hy hul sondes vergewe, 'n nuwe hart gee, en hul in sy liefde insluit en laat leef, vir hulle werklik sal laat wees. Christus bring ons as kerk bymekaar deur God se beloftes vir ons waar te maak in ons lewe. Dit is hoe Christus ons versamel” om ons in te sluit in god se liefde, trou en barmhartigheid.

Christus bou sy kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike ervarings nie

Wat doen die Here in en deur die ervarings en verklarings van mense oor Hom? Oor hoe mense Hom ervaar en wat hulle van hom sê? Absoluut niks!

Die Here maak nie sy verbondsbeloftes waar deur mense se praatjies oor hulle geestelike menings en ervarings nie. Só! 'n Mens kan in massabyeenkomste en gemeenskappe rondom ervarings en verklarings groepeer, en dit as baie lekker ervaar om soveel in gemeen met so baie mense te hê, maar God vervul nie een van sy beloftes in hierdie massa-menings of ervarings nie.

God versamel sy kerk waar mense Christus vertrou om al God se verbondsbeloftes in hul lewe waar te maak in sy toesegging: "Ek is by julle."

Menings en ervarings is nie God se boumateriaal vir sy kerk nie. In sulke geestelike plakkerskampe doen die Here absoluut niks nie. Hulle is nooit sy kerk nie. Hulle beset net sy kerk onwettig en stel eise aan God en sy kinders asof hulle ook kerk is.

5. Die Here bou self kerk. Daarom kom die Here en verklaar dat vir die kerk wat Hy bymekaar bring, kan sy dissipels alles gaan leer. Ons hoor hierdie verklaring verkeerdelik só: ons moet eers mense alles gaan leer en eers as hulle alles geleer het is hulle werklike volgelingen van Jesus. Dit is nie wat die Here hier sê nie. Die Here bevestig hier dat Hy sy kerk bymekaar bring deur sy liefde, goedheid en genade, en daarom kan hulle alles geleer word wat God mense beveel. Dit beteken dat Christus ons altyd al ons sondes sal vergewe en dat Christus ons streef om alles te onderhou, al kry ons feitlik niks reg nie, vir God volkome gehoorsaamheid sal laat wees, deur sy regverdig lewe in ons plek. Dit is die geregtigheid waarin Christus sy kinders laat leef, wat "aansienlik meer is as die geregtigheid van die skrifkenners en Fariseërs." (Mat. 5: 20) Daarom kan jy vir die kerk van die Here altyd alles oor die Here se wil leer, want hulle leef in die geloofsvertroue dat God altyd hulle onvolkome gehoorsaamheid, vir Hom volmaak laat wees.

Want doen Christus met ons sodat 'n predikant jou enige iets van God se wil kan leef? Dit is die wonder van die kerk! Al die Christene sal altyd na alles luister en dit nastrewe. Die kerk wat Christus só bymekaar bring, kan jy altyd alles wat God eis, leef, want hulle leef in die onskeibare liefde van Christus wat al God se beloftes vir hulle waar hou.

Wat kan jy vir mense leer wat opinies oor Jesus het en geestelikes belewenisse van Hom? Absoluut niks! Want al wat hulle hoor is: "ons is skuldig en ons moet ons self weer regkry!"

Wat is die verskil tussen 'n woonbuurt en 'n plakkerskamp? Jy kan geen reël vir mense in 'n plakkerskamp gaan maak nie. In 'n woonbuurt kan jy nuwe reëls oor krag, water en paaie maak, en almal sal daarby inval. 'n Plakkerskamp is 'n plakkerskamp omdat hulle na geen reëls luister nie: hulle maak, doen en sê wat hulle wil volgens hulle opinies en ervarings.

Daarom moet ons kan onderskei tussen die Here se kerk en hierdie geestelike plakkersgemeenskappe. Hulle voel altyd veroordeel, aangekla, minderwaardig en verontreg wanneer hulle die Here se wil moet doen. Die kerk van die Here kan jy

Christus bou sy kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike ervarings nie

enige gebod van God voorhou en hulle sal dat aanvaar en strewe om dit te onderhou in die sekerheid hul onvolkome liefde laat God volmaak wees.

6. Christus bou self sy kerk in en deur vertroue in Hom as God.

Toe die dissipels Jesus wat uit die dood uit opgestaan het, gesien het, het hulle op hulle knieë gegaan en Hom aanbid. Hulle het nie vir Hom gesê: "Welkom terug nie!" Hulle ontdek Christus wat uit die dood uit opgestaan het as mens, as die lewende God. Voor die lewende God gaan jy in aanbidding op jou knieë. Ek eer, dank, loof en aanbid God. Waar Christus die kerk bou deur ons in te sluit in god se liefde, gaan ons op ons knieë. Ons erken Christus vir alles wat god is en dien, en dank en eer Hom dat Hy God met ons is.

Wat gebeur as jy oor Jesus net 'n mening, ervaring of spirituele aandoening het? Dan vereer jy Jesus as 'n geestelike mens, maar dit is nie aanbidding nie. Wat is die verskil tussen aanbidding en verering. Met menings, ervarings een aandoenings oor Jesus word Hy vereer as 'n besondere geestelike of goddelike mens deur wie mense hulle eie geestelike begeertes kan bevredig.

Wanneer jy egter voor die gekruisigde en opgestane Christus staan wat jou insluit in God se liefde, dan gee jy aan Hom die volle eer, dank en lof dat Hy God met jou is. Ons vereer nie Christus as 'n besondere geestelike, spirituele of morele mens nie. Ons aanbid Hom as ons Skepper.

Dit is wat gebeur as die Here se dissipels Hom op die berg ontmoet: hulle gaan op hulle knieë en aanbid Hom as Here. In en deur die kennis en vertroue van Jesus as die gekruisigde en opgestane Christus en Seun van God kom mense tot aanbidding van Hom as God.

7. Christus bou self sy kerk deur ons vertroue in Hom as God.

Christus bou sy kerk uit en tussen alles nasies van die wêreld. Sy kerk kan nooit 'n heimlike klandestiene organisasie wees nie. Die Here laat sy kerk, kerk wees in en tussen sy nasies, want alles nasies is die Here se nasies. Hy is die Heerser oor die konings van die aarde. (Open.1: 5) Alles nasies, volke, stamme, kulture en tale is Christus s'n: die Chinese, Indiërs, Arabiere, Russe, Europeërs, Afrikane, en Amerikaners is Christus die Here s'n.

Die Here laat ons glo en leef in en tussen sy nasies. Die Here se kerk is 'n openbare gemeenskap. Ons is nie 'n kultus wat in ons eie wêreld leef nie. Ons vertroue die Here in sy wêreld tussen sy nasies en ons leef volgens wat die Here ons leer in die openbare lewe van elke nasie, want dit is sy nasies.'

Ons is 'n openbare gemeenskap van die Here Jesus Christus, sy kerk in sy wêreld.

Daarom mag geen nasie, stam of volk vir ons voorhou dat ons in 'n eie selfopgemaakte kultus in ons binnekring kan dien en ervaar wat ons wil, maar ons mag nie in die openbare gemeenskap van elke nasie, vol en stam, glo en leef soos die Here ons leer nie.

Christus bou sy kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike ervarings nie

Ons is sy kerk, in sy wêreld.

Wanneer jy net menings en belewenisse van Jesus het, dan het jy jou van en uit die openbare gemeenskap onttrek asof jy nie in die wêreld Jesus kan vertrou en dien nie. Dan het die kerk 'n klooster geword in die wêreld.

Wat doen die Here in en deur mense se ervarings en verklarings oor Hom? Absoluut niks! Daarom is al hierdie geestelike instellings altyd net persoonlike kultusse. Dit is geestelikhede wat niks met die werklikheid van die Kerk of gemeenskap te doen het nie.

Hulle ervarings en verklarings van Jesus isoleer hulle van wie die Here van alle nasies is en van wie die Here van die Kerk is. Daarom is hulle niks in die gemeenskap of in die Kerk nie. Hulle kan hulle spiritualiteit met politieke drif beoefen, sonder politieke drif beoefen, binne en met persoonlike verhoudings, binne hulle werksomstandighede, buite hulle werksomstandighede, binne of buite sosiale verbande, maar hulle spiritualiteit sal nooit deel van die Here se nasies of Kerk wees nie.

Dit sal altyd net 'n plakkershut binne die plakkersgemeenskap van hierdie wêreld bly – geïsoleerd uit die Kerk en gemeenskap wat die Here bou. Maak nie saak hoe groot, hoe mooi, hoe kragtig dit is nie.

8. Die keuse waarin ons as gelowiges wil bly is 'n gemeenskaplike, besliste, verantwoordbare en openbare keuse. Dit is óf God se Kerk óf die spirituele gemeenskappe van hierdie wêreld.

Hierdie twee is en kan nooit dieselfde wees nie.

Maar geestelike leiers hou altyd hulle nuwe ervaring en verklaring oor Jesus voor as dieselfde as die geloofsbelydenis van die Kerk in die Here. Hulle vier hulle geestelikheid altyd in die “Naam” van Jesus en as die ware nuwe kragtige kerk van die Here teenoor dit wat hulle glo is die dooie, swak en slegte kerk – die geloofsgemeenskap van die Here wat nie hulle spirituele gemeenskap is nie.

Maar dit is 'n valse keuse. Die keuse is vir die Kerk van Christus: die gemeenskap van gelowiges wat Hom as Here en Christus in sy lyding en opstanding bely teenoor die geestelike viering van mense se eenheid met God se krag, lewe Naam en wil. Jy kan net tuis wees in een of die ander. Nie al twee nie. Dit is of in die huis wat Christus bou in en deur die geloofsbelydenis in Hom volgens die openbaring van die Vader, of in die plakkershutte van mense se ervarings en verklarings oor Jesus.

Die poging om te maak asof ons al twee moet aanvaar en al twee saam een kerk moet laat wees soos dit nou in die voorstel van die NG Kerk gemaak word dat mense se geloof in die Here volgens die Woord, en mense se ervarings en verklarings oor Jesus een kerk is, is vals.

Christus bou sy kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike ervarings nie

Dit is soos om voor te stel dat daar plakkershutte aan 'n goeie steenhuis aangebou moet word sodat die steenhuis en plakkerskonstruksie een huis moet wees. Ervarings en verklarings oor Jesus is nie die Here se boumateriaal nie. Hy bou sy Kerk net op die geloofsbelydenis in Hom volgens die openbaring van die Vader.